UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# MEMORANDUM

Kantoor van die Rektor en Visekanselier
**Tel**: (021) 808-4654
**Faks**: (021) 808-3714
**E-pos**: russelbotman@sun.ac.za

**AAN:** Alle Dekane en voltydse akademiese en steunpersoneel in fakulteite

**VAN:** Prof H Russel Botman
Rektor en Visekanselier

**DATUM:** 25 September 2007

**INSAKE:** **REKTORSTOEKENNING VIR VOORTREFLIKE GEMEENSKAPSINTERAKSIE**

Dit is vir my aangenaam om die eerste rondte van die *Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie* aan te kondig.

Die volgende sake word uitgelig:

a) Die toekenning word in die gees van gedesentraliseerde besluitneming gehanteer, wat meebring dat daar met die eiesoortigheid van verskillende akademiese omgewings rekening gehou kan word.

b) Voortaan sal daar normaalweg 10 toekennings per jaar gemaak word, een in elke fakulteit. Slegs voltydse akademiese en steunpersoneellede wat minstens twee jaar aan die Universiteit verbonde is mag genomineer word deur ‘n fakulteit.

c) Afgesien van die identifisering van potensiële kandidate vir die toekenning deur dekane met hulle bestuursmeganismes, is daar ook die geleentheid vir voltydse akademiese en steunpersoneel om hulleself aan te meld vir oorweging vir die toekenning.

d) Die materiaal op grond waarvan dekane en hulle bestuursmeganismes potensiële kandidate oorweeg, behoort in ’n portefeuljevorm voorgelê word waarin die elemente soos geïdentifiseer in 4.5 en 4.6 van die reglement vervat kan wees.

Voltydse akademiese en steunpersoneel in fakulteite word hiermee versoek om dit te oorweeg om hulle by die betrokke dekaan aan te meld vir oorweging vir die toekenning. Dekane kan uiteraard, binne die raamwerk van die reglement, hulle eie reëlings tref oor hoe die proses in ’n fakulteit gehanteer word en ook die toepaslike keerdatums bepaal. Die finale besluit berus by die Rektor.

’n Kopie van die reglement van die *Rektorstoekenning vir Voortreflike Gemeenskapsinteraksie* is hierby aangeheg.

Aanbevelings van dekane moet asseblief by my kantoor ingedien word teen **22 Oktober 2007.**

**PROF H RUSSEL BOTMAN**
**REKTOR EN VISEKANSELIER**